

KLEURLOOS, MAAR NIE VERBEELDINGLOOS

BOEKILLUSTRASIES IN SWART-WIT IS DALK NIE MEER HOOGMODE NIE, MAAR DAAR IS STEEDS 'N PLEK VIR DIT - EN DIT HOU 'N EIESOORTIGE BEKORING IN ...

1918, 1920 en die 1930's

Erich Mayer, J.H. Pierneef, Walter Battiss en Victor Ivanoff, om maar enkeles te noem.

Dit was nie vreemd om in daardie jare die werk van begaafde illustreerders sommerso saam met die letterkunde te koop te kry nie.

Daar was illustrasies en omslagontwerpe vir titels soos *Die Nuwejaarsfees op Palmietfontein* (Leon Maré), *Kinderverse van Totius vir skool en huis*, *'n Esau* (J.F.W. Grosskopf), Totius se *Wilgerboombogies* en *Trekkeerswee* en Maré se *Bartjie Koekemoer en ander seunsverhaaltjies*.

Jan F.E. Celliers skryf in sy voorwoord tot *Nuwejaarsfees* oor Erich Mayer: "Voor die oorlog het ik van hom al 'n paar illustrasietekeninge gesien met mij laat verwag het dat ons in hom 'n baanbrekende tekenaar sou krij wat onse Suid-Afrikaanse Boerelewe uiterlik en innerlik met die tekenstif sou weergee net so goed als sommige van onse skrywers dit met die pen reeds gedaan had."

Ook Grosskopf, Afrikaans se baanbrekerdramaturg, verwys in sy voorwoord tot *'n Esau* na die illustrasies: "Hier wil ek dan die geleentheid gebruik om aan die twee skilders, Pierneef en Erich Mayer, my opregte dank daarvoor te bring, dat hulle so hartlik, uit vriendskap en uit belangstelling in ons Afrikaanse toneel, met hulle kuns gehelp het om hierdie boekie se waarde soveel te verhoog (*'n Esau*, Junie 1920)."


Tekeningskatkis


Vir vandag se leser, wat gewoon is aan vernuftige glansomslagontwerpe en illustrasies wat van veral kinderboeke 'n kleurentploffing maak, het "gewone" lyntekeninge en swart-wit illustrasies waarskynlik in die vergetelheid verval. Vir Maré en Totius se lesers was die "skilderytjies" wat elke hoofstuk ingelei en die verse vergesel het, die visuele stimulus wat hul aandag moes trek én behou.

Skrywers soos Eugène Marais, Jan Celliers en Gustav Preller het hul skryfwerk aanvanklik in tydskrifte soos *Die Boerevrou*, *Die Huisgenoot* en *Die Brandwag* gepubliseer, maar dit was hoofsaaklik leesgoed vir volwassenes. Toe die Nederlandse immigrant J.L. van Schaik dus in 1914 sy uitgewery in Pretoria oopmaak, is een van die eerste sake waaraan hy aandag gegee het die publikasie van kinderliteratuur.

Sedert 1979, toe die J.L. van Schaik-versameling 'n tuiste in die Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum en Navorsingsentrum (NALN) in Bloemfontein gevind het, het 'n byna onuitputbare bron van Afrikaanse skryfwerk vir navorsers toeganklik geword. Veral die verskeidenheid boekillustrasies is 'n skatkis en die swart-wit tekeninge vertel 'n eie en unieke verhaal.

Een van die eerste kunstenaars met wie Van Schaik saamgewerk het, was Cecily Clark, 'n Engelse vrou van die Kaap wat die sketse vir G.R. von Wielligh se *Dierestories*





DIE LIED VAN DIE REEN
'n Koranna-dwaal storie



Daar's roosmaryn, di vir herinnering;
ek smek u liefde wees getrou.
En daar's gesiggies vir gedagtes.

[Sien bladsy 129]

gemaak het. Sy was ook verantwoordelik vir “Tannie” (Hester van Heerden) van *Die Brandwag* se *Die Kaskenades van Klein Duimpie*, waaronder titels soos “Die kaperjolle van die swaap”.

Oor ’n tydperk van sowat 30 jaar het Clark honderde tekeninge vir kinderboeke en ook skoolleesboekies aan Van Schaik verskaf. Die illustrasies wat sy en kunstenaars soos M. Bompas, G. Zeiler en Ivanoff vir onder andere C.J. Alers se Afrikaanse leesboekies gemaak het, bied ’n blik op die leefwêreld van die Afrikaanse kind van die twintigs en hou steeds ’n bekoring vir boek-, sowel as kunsliefhebbers, in. ’n Interessante afwisseling in die swart-wit illustrasies van daardie era vind ’n mens juis in die eerste Afrikaanse strokiesprentboek, *Kalie, die kuiken*, met woorde deur “Oom Rudolph” (die skrywer Rudolph P. Visser) en tekeninge deur Ivanoff. Soos met *Die storie van Piket* (Nellie Kruger), waarvan die omslagkunswerk deur groen opgehelder word, spog *Kalie* met rooi toevoegings.

Nie nét vir kinders

Soos ’n delwer in ’n pan vol gruis na diamante soek, só vorder ’n soektog deur hierdie kuns-en-skryfwêreld. Kort voor lank staan ’n mens met daardie blinke in jou hand: die manuskrip en tekeninge van Eugène Marais se *Die siel van die mier*. Of J.A. Coetzee se roman *In die skaduwee van die guillotine*, wat met Battiss se illustrasies spog.

Die eiesoortige bekoring van swart-wit illustrasies is nie vreemd aan ouer publikasies nie. Die gewilde Maasdorpreeks van ’n paar dekades gelede het omslag- en skutblad-illustrasies deur verskeie kunstenaars gehad. Marais se *Dwaalstories* is met tekeninge deur Katrine Harries uitgegee. Ook egpare se kreatiewe werk het mekaar aangevul. Dorothy Hill het die vrolike Huppelkind-boeke (deur W.O. Kühne) geïllustreer, terwyl Marjorie Wallace haar man, Jan Rabie, se *21* en *Die seeboek van die Sonderkossers* met tekeninge verryk het.

DIE EIESOORTIGE BEKORING VAN SWART-WIT ILLUSTRASIES IS NIE VREEMD AAN OUER PUBLIKASIES NIE.

Digters soos Breyten Breytenbach, ook bekend as skilder, het deurlopend sy bundels se omslagontwerpe hanteer, terwyl ’n mens jou nie Sheila Cussons se verse sonder haar unieke, aanvullende kunswerke kan indink nie. Die Afrikaanse vertaling (deur L.I. Coetzee) van Shakespeare se *Hamlet* is in 1945 met kunswerk deur Nerine Desmond uitgegee, terwyl Johannes Meintjes sy verhaalbundel *Kamerade* met sy eie kunswerk gepubliseer het. En wat van die trefferkombinasie van Piet Grobler en Philip de Vos?

Swart-wit illustrasies is helaas nog lank nie uit die mode nie. ’n Grafiese beeld wat waarde toevoeg tot die skeppende woord is tydloos. Dis slegs die ander kant van kleur. ♡

DEUR LEANA LATEGAN
FOTO'S: VERSKAF

Foto's, manuskripte en tydskrif- en koerantartikels wat geraadpleeg is om hierdie artikel saam te stel is alles deel van die unieke skrywersversameling in die Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum en Navorsingsentrum (NALN) in Bloemfontein. Die artikel word geborg deur die Vriende van NALN, ’n hulpgroep wat die werksaamhede van die museum ondersteun. Enige navrae om jou by die Vriende van NALN aan te sluit, of om ’n finansiële bydrae te maak, kontak vir Annelien Diedericks by anneliennaln@sacr.fs.gov.za.